Laerskool Louis Leipoldt

Die skool waar jy saakmaak

20 September 2019

FINANSIES

Ons verwysing: Eerste Kennisgewing Algemene Jaarvergadering 2019
Kontakpersoon: Me S Taljaard
Kontakbesonderhede: taljaardsurette@gmail.com

Geagte Ouer

KENNISGEWING:
ALGEMENE JAARVERGADERING WAT OP 22 OKTOBER 2019 GEHOU SAL WORD

'n Woord van opregte dank aan al die getroue ouers wat elke jaar hul skoolgelde vereffen en sodoende die skool in staat stel om net die beste vir ons kinders en gemeenskap te beteken.

Die jaar staan reeds vinnig einde se kant toe en derhalwe is ons reeds besig met die samestelling van die 2020 begroting. Soos u reeds weet, is inkomste en die professionele bestuur van ons skool se finansies uiters noodsaaklik om die volhoubare voortbestaan en toekoms van ons skool vir ons kinders en gemeenskap te verseker. Ten einde ons drome vir ons kinders en die skool in geheel te verwesenlik, maar terselfdertyd die fondse van die skool verantwoordelik te bestuur, is u teenwoordigheid by die Algemene Jaarvergadering baie belangrik.

Om sodoende 'n ingeligte besluit te maak en dus die begroting van 2020 goed te keur tydens hierdie algemene jaarvergadering benodig ons 'n kworum van 15% (albei ouers kan stem).

Tydens hierdie vergadering sal die voorgestelde begroting vir 2020 vir goedkeuring voorgelê word.

U word vriendelik uitgenooi na ons Algemene Jaarvergadering waar u insae en insette rakende die finansies van die skool benodig word. Die besonderhede is as volg:

Datum: 22 Oktober 2019
Tyd: 18:15 vir 18:30
Plek: Laerskool Louis Leipoldt – Skoolsaal

Vriendelike groete

Taljaard

Me S Taljaard
Finansiële Voorsitter
Beheerliggaam

Mnr PH Ferreira
Hoof

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton • Posbus 14022, Lyttelton, 0140
Epos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za, **Finansies:** finansies@louisleipoldt.co.za
Tel: 012 664 5798/9 • **Faks:** 012 664 2155 • **Webwerf:** www.louisleipoldt.co.za